



'n Fees om te onthou

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lugfoto's van 'n ellelange tou motors wat deur middel van sosiale media versprei het, het wye belangstelling ontlok, moontlik omdat dit by 'n "kerkfunksie" geneem is – in hierdie geval Gemeente Sionspoort se Vleisfees (sien bladsy 6) van 3 Augustus.

Dit het ook die aandag getrek van *Blitspos* se redakteur wat toe daarvoor uitgevra het. Die krag van sosiale media in die sukses van projekte soos hierdie kan kwalik oorskat word.

Vir 'n semi-stadsgemeente, geleë in die hartjie van 'n mynbougemeenskap, was die ideaal van 'n tradisionele "vleisfees", wat sommige plattelandse gemeentes altyd so lekker en maklik laat lyk, nie sonder groot uitdagings nie. Maar *As hulle dit kan doen, kan ons ook!* en die reëlingskomitee het ywerig weggespring en begin organiseer. Gou-gou is die hele gemeente ingespan, vleisskenkings ontvang, goeie verwerkingsfasiliteite bekom, en 'n suksesvolle dans en veiling gehou om die uitgawes te dek.

Baie maande se harde werk, talle energieke vergaderings (soms tot lank na middernag), en eindelose ure se vleisverwerking en biltong- en worsmaak het gevolg – met geen tekort aan inspirasie, motivering, vaardigheid en ywer nie. Die ikoniese frase (effens aangepas) uit die rolprent *Field of dreams* is meer as een maal laat hoor oor die naderende fees: *As ons dit hou, sal hulle kom!* Maar selfs die grootste optimiste was stomgeslaan toe duisende motors die terrein begin binnestroom.

Onder die opskrif **Vleisfees slaan asemes weg** haal die plaaslike koerant die fees se mediabestuurder, Appel Ernst, so aan: *Ons was geseënd, absoluut geseënd! Dit is die enigste manier om die eerste Sionspoort Vleisfees te beskryf. Sionspoort se jonger lidmate het met die idee vorendag gekom van 'n fees vir oud en jonk, met gesonde tradisie en kultuur – modern, maar met 'n tikkie nostalgie. Die oogmerk was 'n bekostigbare fees waar almal die geleentheid kon kry om lekker saam te kuier. Die droom het vorm aangeneem en vir ongeveer ses maande is daar beplan, gewoel en gewerskaf om die doel te bereik.*

Met 'n pragtige sonsopkoms oor die Tuinhekkie-terrein op Elandshoewe buite Randfontein op Saterdag 3 Augustus het die droom meer as 'n werklikheid geword en is ons stoutste verwagtinge ver oortref. Duisende besoekers van heinde en verre het ingestroom en ons is oorweldig deur die ondersteuning. Kinders het hulle vergaap aan demonstrasies soos toe skape geskeer en koeie gemelk is. Hulle het baie geleer en die interaksie met die diere, soos perdry en die voer en versorging van plaasdiere, geniet. Die pretpark en die kinderbediening se spelletjies het hulle ook die hele dag sinvol besig gehou. Rye smaakvolle stalletjies, 'n veteraanmotorskou, aktiwiteite soos botter- en seepmaak, sweepslaan, volkspele en boeredanse en heerlike tradisionele disse soos pap en kailings, skilpadjies, braaivleis, feeswors, potjiekos, pannekoek en varsgebakte boerebrood het feesgangers se tone laat omkrul van lekkerkry. Kompetisies soos toutrek, skyf-, boog- en kettieskiet en baie meer het vir die nodige aksie gesorg.

En moet ook nie van die hoofmerk en hoogtepunt van die fees vergeet nie – tonne vars vleis en vleisprodukte wat flink by die koelkaste uitgevlieg het. Goeie vermaak en heerlike en vreedsame saamkuier het die pragtige dag mooi afgerond. Die terugvoer na die fees was sonder uitsondering besonder positief en dit is duidelik dat daar 'n groot behoefte is aan geleenthede soos hierdie.

*Ons wil graag ons medewerkers, borge, uitstallers, helpers en besoekers bedank vir hul ondersteuning. Bo alles dank ons ons Hemelse Vader vir die voorreg en seën om die dag suksesvol te kon aanbied. Ons maak volgende jaar weer so. Besoek ons intussen op Facebook by **SionspoortVleis** of by **Sionspoort**.*

Hoewel die fees tot kort voor middernag geduur het, was die kerkgebou die volgende oggend tot barstens toe volgepak deur moeë maar tevrede lidmate vir 'n dankdiens. Uiteindelik is enigiets moontlik met geloof, gedeelde drome, die regte gesindheid en goeie samewerking.

Dr Johan van Staden, Sionspoort

*** Die volgende uitgawe van *Blitspos* sal op Donderdag 29 Augustus beskikbaar wees.

Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 30 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**

- o Sondag 18 Augustus: Dr GMJ (Gafie) van Wyk (Kaapstad)
- o Maandag 19 Augustus: Dr CJ (Christo) Viljoen (emeritus),
di BF (Berend) Greyling (Grootfontein/Tsumeb),
HF (Hennie) la Grange (Kampersrus) en
JD (John) Putter (emeritus)
- o Dinsdag 20 Augustus: Ds MM (Marike) van der Merwe (beroepafwagting)
- o Donderdag 22 Augustus: Ds WH (William) Harmse (Alberton-Wes)
- o Maandag 26 Augustus: Di C (Chris) le Roux (Stellenbosch/Worcester) en
JJ (Joseph) Steyn (Klerksdorp-Oos Môrester)
- o Dinsdag 27 Augustus: Prof JH (Johan) Koekemoer (emeritus)
- o Woensdag 28 Augustus: Ds GC (Gert) van Staden (emeritus)
- o Donderdag 29 Augustus: Ds J (Jan) van Immerzeel (emeritus)

Gemeentes en bediening

- Die **SP Engelbrecht-museum** is op soek na 'n spogmoorie Nagmaaltafeldoek en valsdoeke vir ons Nagmaaluitstaltafel. Dalk gehekel of met kant, borduurwerk of iets dergeliks, asseblief. Dalk is daar 'n ekstra een wat gemeentes nie meer gebruik nie. Die koster sal diakens sal weet! Kontak ds Johann de Bruin by 082 733 3951 of cjdb@telkomsa.net.
- **Bybelvasvra 2019: Bestekopname.** Die Bybelvasvra-komitee het dit goedgevind om die Bybelstudiegids van ds Neels van Tonder, *Gelykenisse in die Bybel*, weer te gebruik as deel van die Bybelvasvra-bestek vir 2019. Hierdie rondte sal die gelykenisse uit die Nuwe Testament bestudeer word. Die bestek sal dus wees (volgens die studiegids se titels):
 1. 'n Gelykenis oor keuses (Matt 21: 28-32)
 2. Uitnodiging na die bruilof (Matt 22: 1-14)
 3. Gelykenis van die saaiër (Mark 4: 1-20)
 4. Gelykenis van die mosterdsaad (Mark 4: 30-32)
 5. Die barmhartige Samaritaan (Luk 10: 25-37)
 6. Die ryk dwaas (Luk 12: 13-21)
 7. Die onvrugbare vyeboom (Luk 13: 6-10)
 8. Die verlore seun **en** Die opgerukte seun (Luk 15: 11-32)
 9. Die weduwee en die regter (Luk 18: 1-8)
 10. Die Fariseër en die tollenaar (Luk 18: 9-14)
 11. Die boere en die wingerd (Luk 20: 9-19)

LW: *Parallele tekste sal nie in aanmerking geneem word nie, slegs die tekste hierbo in hakies vorm deel van die bestek. Vir eenvormigheid word die 1983-vertaling van die Bybel gebruik vir die opstel van vraestelle.*

Spanne bestaan uit 'n maksimum van 6 lede. Hoërskool, Jong Hervormers en Ope Afdeling se spanne bestudeer, naas die Bybelteks, ook die grys kolomme se feite aan weerskante van die bladsye in die studiegids (bladsye 45-92).

Ringe se Bybelvasvra-rondtes moet asseblief **voor einde September** plaasvind. Die eerste drie spanne uit elke kategorie dring deur na die Nasionale Bybelvasvra wat op **19 Oktober 2019** by Gemeente Noordwestelike Pretoria sal plaasvind. Vraestelle vir die Ringvasvra kan van ds Quinten Schimper aangevra word by quinten.schimper@gmail.com. Vraestelle sal net aan predikante beskikbaar gemaak word.

Vir enige navrae, kontak ds Quinten Schimper (076 687 7410) of ds Stephen de Beer (074 658 4630).

Gelykenisse in die Bybel – Neels van Tonder

Formaat: Sagteband.

Bladsye: 100 bladsye.

Prys: R100 (+ posgeld R50).

Bestellings en navrae: 072 633 3367 of nvtonder@vodamail.co.za.



Vergaderings

- Donderdag 15 Augustus: ADV Dagbestuur
- Donderdag 22 Augustus: Pensioenvergaderings
Rata Bestuur: Werkwinkel
- Vrydag 23 Augustus: Raad van Finansies
- Donderdag 29 Augustus: OTMT Direksie

WERKWINKEL: MULTISENSORIESE PREDIKING
Hoe om in die konteks van dalende kerkgetalle en opkomende digitale kultuur
God se Woord effektief te kommunikeer

Dr Johan Lötter en prof Pierre Jordaan
20 VBO-punte
Hervormde Gemeente Pretoria-Oos
Donderdag 29 Augustus 08:30-16:00
Verversings, middagete,
5 preeksetse en leesmateriaal
R750 voor of op 24 Augustus
(laatbesprekings R800)
Hervormde predikante ontvang na die kursus R250 subsidie
Bevestig by jlotter@carfone.net met bewys van betaling
Maksimum 30 inskrywings – reageer betyds!

Bankbesonderhede:
WJ Lötter, FNB Spaar, tak Parys, rekeningnommer 6251 3554 891
Volg ons op Facebook by PREEKSKOOL



'n Gedig

karoo

weltevrede vrederus en goeie hoop:
drie vlakteplase in die k'roo
waar elke boertjie op sy stoep
– sy voorkop skemerwit –
die noordelike weerlig nader
na sy plaas toe bid
en in die donker oor en oor
sy drome op sy vingers skat:
soveel sybokooie in die lam,
soveel bale hooi,
die kind se kieste blink en rond
van soet mimosagom –
en dan met 'n geruste hart
die sifdeur agter hom laat klap
want op die droogste kliprant
wag daar saam met hom
die kanniedood
en geduldig ook die seeroogblom.

Marlene van Niekerk

(Uit: *Sprokkelster*, 1977)

Kerklike publikasies

- In die nuutste uitgawe van **Die Christelike Vrou** lees ons in die redaksionele berig dat Augustus sinoniem is met Vrouemaand. Ds Kathleen Smith vertel van 'n dames-*retreat* in die hartjie van die winter. Ons loer in by Marina Nortjé en Swellendam se NHSV streekbyeenkoms, ds Hannelie Botha wys ons hoe Gemeente Pretoria-Oos hul sosiale media ten volle gebruik, en Mari-lizé Beukes praat met die finalejaar teologies studente oor die werk van die NHSV in die Kerk. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.





- Daar is verskeie **Standaardbybels (swart, hardeband) in inheemse tale** teen R130 elk (versending uitgesluit) by die boekwinkel in Derdepoot beskikbaar: Isixhosa 1975; Isindebele 2012; Xitsonga 1989; Shona 1949; Tshivenda 1998; Suid-Sotho 1909; Xhosa 1975; Swati 1996; en Sesotho 1989. Bestel by mev Sarie Roux, 012 322 8885 x3025 of sentik@nhk.co.za.



- **Bybelse Dagboek / Almanak 2019**
Nou net R100 (versending uitgesluit)
Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
Bestel by sentik@nhk.co.za



Gespreksbord:
Volhoubare missionale kerkwees

Hierdie gespreksbord help die gemeente se leiers om nuut oor gestuur-wees te dink.

Aktiveer dialoog en deelname en maak gelowiges se verbeelding los oor hoe om hul gemeente nuut te positioneer vir deelname aan God se groot beweging in die wêreld.

Bestel van mev Sarie Roux by sentik@nhk.co.za



R250 (posgeld uitgesluit)

BM
Bybel Media

Barmhartigheid

- Die **Kommissie van die ADV** beplan om op **26 Augustus** 'n vragmotor met voer na die droogtegebiede van **Calvinia en Williston** te stuur. Indien u 'n finansiële bydrae tot die projek wil maak, kan u dit inbetaal in die volgende rekening:
Raad van Finansies
ABSA Tjekrekening
Rekeningnommer: 020 000 287
Takkode: 632005
Verwysing: 16RAMP + Gemeentenaam/persoonsnaam

Lede van die ADV Kommissie gaan die gebied van **26 tot 28 Augustus** besoek. Ons neem ook skryfbehoeftes vir die skole saam. Indien daar gemeentes, Bybelstudiegroepe of jeug-groepe is wat boodskappe van hoop en bemoediging aan die boere of kinders wil stuur, sal ons dit graag saamneem en aan die betrokkenes oorhandig. 'n Prentjie van omgee is net so kosbaar soos 'n vrag voer. U kan boodskappe e-pos na mvr@nhk.co.za. Persone wat nie toegang tot die internet het nie, kan prente in Pretoria afgee by Rata se hoofkantoor in Montana (NHKA Montana).

Indien daar **ander gebiede in ons land is wat ook droogtehelp benodig**, kan u met die sekretaris van die Kommissie van die ADV, ds Gerhard Stoltz, in verbinding tree by 082 872 5236 of gerhard@diakens.co.za. Rig navrae rakende hierdie projek aan dr Martin Jansen van Rensburg by 083 633 7335 of mvr@nhk.co.za; of diak Andries Pretorius by 081 466 8691 of andries@rata.org.za.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: die ideale plek vir u aftrede. Pragtige, ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is beskikbaar vanaf 1 Augustus 2019, in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskikbaar tans oor **kamerfasiliteite in Riekie Boshoff** teen R3 140 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
2-slaapkamer @ R560 000
1½-slaapkamer @ R520 000
1-slaapkamer @ R515 000
Groot tuine om in te ontspan
Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723



Konserte en feeste

- **Gemeente Noordwestelike Pretoria** bied in samewerking met Laerskool Hermanstad 'n **Manie Jackson-buitelugkonsert** aan op **Donderdag 22 Augustus om 19:00** op Laerskool Hermanstad se A-rugbyveld. Veilige parking @ R10. Daar is 'n voorvertoning en snuffelstalletjies. Heerlike eet- en drinkgoed word te koop aangebied. Bring eie kampstoel of kombes. Toegang R50 per persoon. Kontak Johanna Scholtz by 060 577 6458 of 082 928 5592, of Frikkie Boshoff by 083 320 0739.

Fondsinsamelings

- **Motorfietse brul vir Bybels**. Motorfietsryers word genooi om saam te ry in 'n *Bible Run* op **Sondag 18 Augustus in Bloemfontein**. Dit is die sesde keer dat die rit plaasvind en dit sal weer by Naval Hill begin. Die fietsoptog sal ry na die Bikers Church, langs die Tempelgawehawe, waar Leon Ferreira 'n spesiale diens sal lei. Om te bespreek of vir meer inligting, kontak Gerrie van Dyk by 083 448 2127 of Wimpie Burger by 083 456 6075.
- **Rata: Drive for a Child Masters**
Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
Borg 'n putjie teen R2 500
R4 200 vir 'n 4-bal (2 gholffkarretjies, middag- en aandete ingesluit)

Basaars en markte

- **Gemeente Sionspoort** se Vleisfees van Saterdag 3 Augustus het ongekende belangstelling gewek. Kyk net op die foto na die opkoms! Baie geluk, Sionspoort!
- **Gemeente Bethal: Basaar**
Vrydag 30 Augustus vanaf 14:00
By die kerk, Tsibitso Sibanyonistraat 72
Watertand koek, basaarpoedings, pannekoek
Kerrie-en-rys, hamburgers, sosaties, potjiekos, worsbroodjies...
Vleis teen billike pryse
Aktiwiteite en boeresport vir voorskool- en laerskoolkinders
Navrae aan die gemeentekantoor 017 647 3093
- **Gemeente Ottosdal: Oesfees**
Vrydag 30 en Saterdag 31 Augustus
Vrydagaand: Spitbraai en waenhuisdans in die Boere-uniesaal
R120 per persoon (volwassenes) en R60 per persoon (laerskoolkinders)
Saterdag: Uitstallers en kosstalletjies
Vir die kinders springkasteel, Lazer Tag en meer...
Navrae: rudi.jansevanrensburg@gmail.com
- **Gemeente Rustenburg-Suid: Willerste Noordweste Lentefees**
Kockstraat 153, Rustenburg
Dans: Vrydag 30 Augustus, hekke open 18:00
R50 (laerskoolkinders gratis)
Braaipakkies en verversings te koop
Vure, pap-en-sous word voorsien
Bring eie stoel en eetgerei
Familiefees: Saterdag 31 Augustus vanaf 08:00
Gratis toegang
Reusepretpark vir kinders met spookhuis, springkasteel en meer
Pap-en-kaiings, boerbrood, koeksisters, boerewors, kerrie-en-rys...
Vleissnitte, gebak
Kaartfasiliteite beskikbaar
Navrae 014 592 2364
- **Gemeente Pretoria-Oos: Kersmark**
24, 25 en 26 Oktober
Delyweg 100, Waterkloofpark
Uitstallers welkom
Kontak Chaneen Dippenaar vir aansoekvorms en meer inligting
kersmark@pretoriaoos.com



Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Gebed vir die week

Here, my hart is nie hoogmoedig
en my oë nie verwaand nie.
Ek hou my nie besig met groot dade
of wonderwerke bo my vermoë nie.
Nee, ek het my gemoed
tot kalmte en bedaring gebring.
Soos 'n kindjie by sy ma,
soos 'n kindjie,
is my gemoed in my.
Israel, vestig jou hoop op die Here,
van nou af en vir altyd.

Psalm 131

(Nuwe Direkte Vertaling, 2014)

